LAERSKOOL FAIRLAND
NASKOOLSENTRUM

INLIGTINGSTUK
Gr. R tot Gr. 7

2024

Inhoudsopgawe

		Bladsy
1.	Funksionering	1
2.	Personeel	1
3.	Tye	1
4.	Tariewe	1
5.	Verminderde tariewe	1
6.	Betalings	2
7.	Afwesighede	2
8.	Skriftelike kennisgewing	2
9.	Kleredrag	2
10.	Voeding	3
11.	Studie	3
12.	Afhaal van leerders	3
13.	Program	4
14.	Kontakbesonderhede	4

1. **Funksionering**

Die naskoolsentrum word op hoogs professionele wyse bedryf en bestuur deur Laerskool Fairland.

Die Naskoolsentrumaktiwiteite word beskou as 'n verlengstuk van die skoolkurrikulum en daar word gepoog om 'n effektiewe diens te lewer. Die gr. R-leerders speel onder toesig.

Die vakansie-naskool is uitsluitlik vir die gebruik van voltydse ingeskrewe naskoolleerders.

2. **Personeel**

Me. Marilet Vosloo is in beheer van die naskoolsentrum. Sy word bygestaan deur personeel van die skool sowel as me. Louisa van Rensburg, wat met die gr. R-leerders behulpsaam sal wees. Soms word daar ook van buite-toesighouers gebruik gemaak.

3. **Tye**

Skoolkwartale:	Maandae en Donderdae:	14:00 – 17:30
	Dinsdae en Woensdae:	13:30 – 17:30
	Vrydae:	13:00 - 17:30 stiptelik.
Vakansies:	Die naskoolsentrum funksioneer vanaf 07:00 – 17:30 gedurende die skoolvakansies.	

Die sentrum is gesluit op openbare vakansiedae.

Gedurende Desember sal die sentrum om 17:30 sluit op die dag wat die skool vir die leerders sluit.

4. **Tariewe**

Naskoolgeld is betaalbaar oor 10 maande - laaste paaiement sal 1 Oktober van die betrokke jaar wees. ***Grasie tot die sewende van die maand word toegestaan, maar daarna sal die leerders nie meer in die naskool toegelaat word indien die betaling nie gemaak is nie.*** Hierdie reëling is nodig aangesien daar 'n waglys vir die naskoolsentrum is. Bykomende registrasiegeld van R**5**00.00 per kind is jaarliks betaalbaar om 'n plek vir u kind te verseker.

Naskoolgeld vir **2024 beloop R10 210** per leerder is. Betalingsopsies in inskrywingsvorm.

Laat inskrywings: Leerders wat na die Junie-/Julievakansie inskryf, sal ook vir November-maand gehef word.

5. **Verminderde tariewe**

As gevolg van die feit dat die naskoolsentrum baie vol is, sal daar ongelukkig nie verminderde tariewe vir bywoning net op sekere dae, beding kan word nie. Daar is dus geen pro-ratafooie beskikbaar nie.

NB Geen afslag of korting word toegestaan indien u kind nie vakansietye die sentrum bywoon nie.

6. **Betalings**

Neem asb. kennis dat ***ALLE*** finansiële navrae aangaande die naskoolsentrum aan die Finansiële kantoor gerig moet word.

Kontakbesonderhede:

Tel.: (011) 678-4591/2
Verna van Greunen - debiteure@laerskoolfairland.co.za

Wyse van betaling:

6.1 Elektroniese betaling, debietorder of u kan die d6 vir betalings gebruik.

6.2 **Bankbesonderhede:**

Bank:	Eerste Nasionale Bank (FNB)
Rekeningnaam:	Laerskool Fairland
Rekeningnommer:	6200 7496 228
Takkode:	254-905

Verwysing vir betaling: ***Familiekode/Naskool***

E-pos bewys van betaling aan debiteure@laerskoolfairland.co.za

7. **Afwesighede**

7.1 Indien 'n leerder nie die naskool kan bywoon nie, of deur die loop van die dag om een of ander rede by die skool gehaal word of direk na skool huis toe gaan, moet die ouer/voog me. Vosloo verkieslik skriftelik of anders telefonies in kennis stel.

7.2 Gereelde afwesighede op vasgestelde tye moet op die registrasievorm aangedui word en bly as 'n permanente reëling van krag. Volle maandelikse tarief bly egter betaalbaar.

8. **Skriftelike kennisgewing**

Geen kind sal in die naskoolsentrum toegelaat word indien daar nie 'n inskrywingsvorm vir die naskoolsentrum voltooi is nie. Indien u kind nie meer die naskoolsentrum gaan bywoon nie, ***moet u asb. 'n kalendermaand skriftelik kennis gee.***

Indien 'n leerder hom/haar wangedra in die naskool, behou die naskoolsentrum die reg voor om die leerder skriftelik 30 dae kennis te gee.

9. **Kleredrag**

9.1 Huisdra-klere word aanbeveel – so kan skoolklere gespaar word.
9.2 Alle klere moet asb. duidelik gemerk wees.
9.3 Indien u kind per abuis met iemand anders se klere of besittings by die huis kom, moet u dit asb. terug skool toe stuur.

10. **Voeding**

Stuur asb. elke dag 'n ekstra kospakkie saam wat hy/sy na skool kan nuttig. Die naskoolsentrum voorsien geen eet- en drinkgoed nie.

Die snoepie bied ook 'n middagete-diens aan en spyskaarte word maandeliks op die d6 geplaas. Die middagetes word by die naskoolsentrum afgelewer.

11. **Studie**

11.1 Gr. R kry geen formele tuiswerk nie. Gr. 1- tot gr. 3-leerders kry tuiswerk. Daar sal egter geleentheid vir die gr. 1-, 2- en 3-leerders wees om onder toesig tuiswerk uit te voer terwyl die gr. R-leerders onder toesig speel. Indien daar 'n kontrolestempel in die leerder se huiswerkboek is, beteken dit slegs dat die leerder onder toesig gewerk het. Die werk is **nie** gekontroleer as reg nie.

11.2 Op Vrydae speel alle grade die hele middag onder toesig.

12. **Afhaal van leerders**

12.1 Verkieslik by die klas self. Die voorlopige klasindelings vir 2024 is soos volg:

Gr. R	-	In die speelparkie (indien dit reën – Kamer 26 en 27)
Gr. 1	-	Kamer 17 en 18
Gr. 2	-	Kamer 2 en Kamer 3
Gr. 3	-	Kamer 4 en Kamer 6
Gr. 4	-	Kamer 1
Gr. 5 en gr. 6	-	Kamer 31
Gr. 7	-	Kamer 42A

Indien daar enige van die lokale gaan verander, sal die naskoolouers hiervan in kennis gestel word.

12.2 Leerders word nie toegelaat om by die hekke vir u te sit en wag nie.

12.3 Indien u kind huis toe stap, moet dit asb. persoonlik met me. Vosloo gekommunikeer word.

12.4 As iemand anders u kind kom haal, moet u me. Marilet Vosloo skriftelik of anders telefonies in kennis stel.

12.5 Die hekkie in die parkie waar die Gr. R-leerders speel, word slegs smiddae beman tot en met 16:00. Daarna maak u asb. gebruik van die hoofhek in Marketstraat.

12.6 Alle leerders moet voor of op 17:30 afgehaal word. Geen verantwoordelikheid kan aanvaar word indien u kind nie teen 17:30 afgehaal is nie, aangesien die onderwys-personeel stiptelik om 17:30 vertrek. Een personeellid hou toesig by al die leerders vanaf 17:00 - 17:30 by die hoofhek. U kind sal na 17:30 by die veiligheidswag gelaat word. Ons vertrou u sal u heelhartige samewerking gee.

13. **Program**

Gr. R:	**Maandae en Donderdae**		**Dinsdae en Woensdae**
	14:00 - 16:45	Speel	13:30 - 16:45
Gr. 1:	**Maandae en Donderdae**		**Dinsdae en Woensdae**
	14:00 - 14:15	Speel	13:30 - 13:45
	14:15 - 15:30	Studie	13:45 - 15:30
	15:30 - 16:45	Speel	15:30 - 16:45
Gr. 2 en gr. 3:	**Maandae en Donderdae**		**Dinsdae en Woensdae**
	14:00 - 14:30	Speel	13:30 - 14:00
	14:30 - 15:30	Studie	14:00 - 15:00
	15:30 - 16:00	Speel	15:00 - 15:30
	16:00 - 16:45	Studie	15:30 - 16:45
Gr. 4 tot gr. 7:	**Maandae en Donderdae**		**Dinsdae en Woensdae**
	14:00 - 14:30	Speel	13:30 - 14:00
	14:30 - 15:30	Studie	14:00 - 15:00
	15:30 - 16:00	Speel	15:00 - 15:30
	16:00 - 16:45	Studie	15:30 - 16:45
Gr. R tot gr. 7:	**Vrydae**		
	13:00 – 16:45	Speel	

Tye mag wissel na gelang van omstandighede. Gr. R- tot gr. 2-leerders bly in 'n wagklas totdat die naskoolsentrum smiddae open.

Alle leerders beweeg om 16:45 na die hoofhek in Marketstraat.

14. **Kontakbesonderhede**

Juf. Marilet Vosloo kan per e-pos of telefonies gekontak word.

E-posadres: marilet@laerskoolfairland.co.za
Telefoonnr.: (011) 678-4591/2

Naskool se selfoon is beskikbaar smiddae vandat die skool gesluit het tot en met 17:30. Die nommer is 079 677-3552.

Die Bestuur van die naskoolsentrum is by magte om enige veranderinge op die inligtingstuk aan te bring, maar die naskoolouers sal daarvan in kennis gestel word.

Marilet Vosloo
HOOF: NASKOOLSENTRUM

Willie Goosen
HOOF

Johan Kilian
VOORSITTER: BEHEERLIGGAAM